CENTRE FOR PUBLIC WITNESS

# #100 DORPE DIALOOG

## Waaroor gaan dit? Wat is die doel van die gesprekke?

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe geboorte ondergaan. 'n Nuwe staat het die lig gesien. Baie stem egter saam dat ons nog nie 'n nuwe nasie gebou het nie. Ons sien die resultaat uitspeel in baie dorpe en stede. Mense leef steeds in verskillende wêrelde en dit wil voorkom ons mense mekaar steeds nie vertrou nie. Agterdog heers! Dit het 'n direkte impak op ons dorps besture. Ons word in baie plekke gekonfronteer met gebrekkige dienslewering en korrupsie. Die probleem is egter dat omdat ons as dorp so verdeeld is ons hierdie uitdaging nie aangespreek kry nie.

Die Sentrum vir Publieke Getuienis het 'n paar jaar gelede met 'n projek begin om gemeenskappe en veral die burgerlike samelewing bymekaar te kry om sosiale kohesie en verhoudinge op dorpe te bou. Ons moet die netwerk van verhoudinge herstel. In die proses is reeds meer as 70 dorpe besoek. Baie lesse is geleer. Hartseer stories van verdeeldheid is gehoor maar pragtige stories van hoop is ook gehoor.

Ons verstaan dat diversiteit en verskillende kulture in Suid-Afrika 'n werklikheid is. Ons moet dit respekteer, vier maar ook mekaar beter leer verstaan.
Terselfdertyd wil ons ook nie net by praat bly nie. Terwyl ons na mekaar moet luister wil ons ook eenvoudige planne maak om ons dorpe na 'n beter plek te neem. Ons kan of wil nie die dorp red nie. Dit is ook nie nodig nie, want daar word reds mooi stories op so baie dorpe geskryf. Ons wil egter een of twee eenvoudige baksteentjies neersit om saam te bou aan 'n beter toekoms.

## Wat is die metodiek?

Ons nooi mense van verskillende agtergronde en sektore op die dorp uit vir 'n aandete. Hier voer ons dan 'n gesprek onder gefassiliteerde leiding. Ons wil so 'n veilige ruimte skep waar ons openhartig met mekaar kan praat, maar hopelik ook by 'n konstruktiewe plek uitkom.
Mense wat kan bywoon: Kerkleiers, (selfs ander geloofsleiers), Sakeleiers, Onderwysers, Polisie en veiligheidsdienste, NRO's, Wyksraadslede, Plaaslike regering, Landbou en meer.
**Ons vra basies twee vrae in die gesprek: Wat gebeur tans op die dorp? Wat moet vorentoe gebeur?** (Wat kan ons saam doen om 'n verskil te maak?)
Die gesprek duur om en by 2 en 'n half uur.

www.publiekegetuienis.org 021 957 7202 spg@kaapkerk.co.za

CENTRE FOR PUBLIC WITNESS

## Wat is die uitkoms?

- Ons hoop om mense met mekaar te laat gesels wat nie gewoonlik met mekaar oor die dorp praat nie.
- Ons hoop dat daar groter begrip en vertroue gekweek word.
- Ons hoop dat groter wedersydse respek gekweek word.
- Ons hoop dat daar ‘n konkrete plan oor ‘n projek gemaak sal word.
- In sommige gevalle word daar selfs ‘n klein forum gestig wat die proses vorentoe neem.

## Aanhalings uit vorige gesprekke:

***“Dr, hierdie gesprek moes al 40 jaar gelede op ons dorp plaasgevind het."***

***"Dit is die eerste keer in my lewe wat ek saam met witmense praat oor die toekoms van ons dorp"***

***"We were taught how to hate the system, but we learned how to hate white people… This must change."***

***"Almal het om verskeie redes seergekry. Hierdie help ons om gesond te word."***

***"Ons moet hande vat om hoop aan ons kinders terug te gee."***

www.publiekegetuienis.org 021 957 7202 spg@kaapkerk.co.za